

Sing vooraf staande: Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:1, 3, 4 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaer! Hoe begeer
my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaer, let
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Geloofsbelijdenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (18:5, 6, 7, 8)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Gebed

Psalm 32:1, 3 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Skriflesing: 2 Samuel 11:1-15; 12:1-14; Psalm 32:1-11

Kernverse: Psalm 32:5

My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. (Psalm 32:5 AFR53)

Tema: Wie sy sonde voor die Here ont-dek, so 'n mens word deur Christus be-dek

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, deur die genade van ons Here Jesus Christus weet ons dat die Here ons God barmhartig en regverdig is. Hy vergewe ons sondes. Ons bely immers in ons Kategismus, as die Here ons sondes vergewe, wil Hy nooit meer daaraan dink nie (Sondag 21:56). Daardie sondes wat Hy vergewe, is in sy oë so goed as weg vir altyd, so asof ons nooit eers daardie sondes gehad of gedoen het nie (Sondag 23:60). Is dit nie goeie nuus nie? Dit is inderdaad goeie nuus! Dit is mos die boodskap wat ons graag wil hoor. Ons wil hoor dat ons skuld afgeskryf is, want dit gee ons weer moed om aan te gaan. Maar hoe kom ons daar? Hoe loop die pad tot by hierdie punt waar ek en jy kan hoor: Jou sondes is vergewe?

Die Heilige Gees leer vir ons die pad hier in die eerste vyf verse van Psalm 32. Kom ons luister weer hoe die pad loop: Lees Psalm 32:1-5 (AFR53).

Ons weet ook dat elke psalm sy eie geboorteplek het. Psalm 32 is gebore uit God se werk in en met Dawid nadat hy egbreuk gepleeg het met Batseba, die vrou van Urija, en daarop vir Urija laat vermoor het. Kom ons luister hoe die Heilige Gees self dit aan ons vertel: Lees 2 Samuel 11:1-15 en 12:1-14 (AFR83).

Broers, susters en kinders, elke ware gelowige het die opregte begeerte om die Here met sy hele hart, met sy hele siel en met al sy kragte lief te hê en voluit te dien. Ek en jy begeer dit mos ook so, want die Here maak Homself in sy daade van liefde en trou aan ons bekend. Hy sê dat Hy ons God is en Hy wys dit ook. Hy het ons so lief dat Hy sy enigste Seun vir ons gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Ons glo dit, want ons het dit vanoggend weer hardop bely met die woorde van die Twaalf Artikels. Maar saam met hierdie mooi en heilige begeerte is daar ook nog 'n slegte begeerte in hierdie selfde hart van my. Ja, ek en jy en elke ander ware gelowige het ook nog die verkeerde begeerte om ons eie sondige natuur agterna te loop. Keer op keer betrap ons onself dat ons eerder wil maak soos wat ons wil, in plaas daarvan om te maak soos wat die Here in liefde vir ons sê.

Wanneer ons van Dawid lees van die oomblik dat die Here hom as koning oor Israel gesalf het, kom ons agter dat hy regtig die man na God se hart is. Hy het die Here opreg gedien en liefgehad. Selfs toe hy die kans gehad het om vir Saul dood te maak toe Saul hom soos 'n bloedhond agtervolg het, het Dawid dit nie gedoen nie, want hy het die Here liefgehad. Maar toe Dawid vir Batseba daardie middag sien bad het, het hy toegelaat dat sy sondige begeertes die oorhand kry en het hy agter sy sondige natuur aangeloop soos 'n slaaf. Hy het in daardie stadium heeltemal vergeet dat die Here hom sien, ook vergeet dat die Heilige Gees in hom woon en bedroef word omdat hy nie wegvlug van die sonde nie, maar homself daarheen haas.

Gedryf deur die Heilige Gees het Dawid nie net Psalm 51 geskryf na aanleiding van sy egbreuk met Batseba en die moord op Urija nie. 'n Tyd later het die Heilige Gees hom ook gedryf om na aanleiding van dieselfde sonde hierdie psalm vir ons te skryf. Die Here wil hê dat elkeen van sy kinders die pad moet ken wat by daardie punt uitkom waar elkeen kan hoor: Jou sondes is vergewe. Kom ons loop nou hierdie pad saam met die Heilige Gees.

Geliefdes, ons psalm begin met dieselfde woorde as Psalm 1: **Welgeluksalig is die mens ...** (Psalm 1:1 AFR53). In Psalm 1 sê die Here vir ons: Welgeluksalig is die mens wat nie die lewenswyse van

die ongelowiges kies nie, maar sy vreugde en blydschap in die wet van die Here vind en dié wet dag en nag oordink. Die eerste woorde van ons psalm wat geskryf is met die trane van Dawid laat ons dieper kyk na die vreugde en blydschap van die gelowige – die mens wie se verhouding met die Here gesond en op die regte koers is. 'n Mens wie se verhouding met die Here gesond en op die regte koers is, word ook 'n regverdige genoem.

Dawid begin: **Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe is, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie** (Psalm 32:1-2 AFR53). In hierdie eerste twee verse noem Dawid vier goed wat weer in vers 5 genoem word. Hierdie vier goed is die volgende: *oortreding*, *sonde*, *ongeregtigheid* en *bedrog*. Laat ons elkeen van hierdie dinge van nader bekyk.

Met die woord *oortreding* word daar gesê dat 'n verhouding verbreek is. Wanneer 'n mens teenoor die Here oortree, verbreek jy jou verhouding met God. En dit moet ons tog altyd onthou. Die Here verbreek nooit eerste die verhouding van sy kant af nie. Hy wil dit nie doen nie. Dit is die mens wat die verhouding verbreek, want die mens verwerp die gesag en die verbond van die Here. In plaas daarvan om na die Heilige Gees te luister en eerder te doen wat die Here van ons verwag, kom ons in opstand teen die wet van die Here. Natan het vir Dawid gevra: **Waarom**, Dawid, nadat die Here al sy trou en liefde aan jou bewys het, **het jy nou die woord van die Here geminag deur so 'n verkeerde ding te doen?** (2 Samuel 12:9 AFR83)

Sien jy die trane in die oë van die Here, broer, suster en kind? Die Here gee sy liefde aan ons en Hy bewys sy trou aan ons. Hy maak ons sy kinders omdat Hy wil. Hy gee ons alles wat ons nodig het en Hy gee sy wet as 'n liefdesgrens rondom ons. Binne die grense van die wet kan ons voluit en met oorgawe lewe en verseker weet dat ons die Here ons God bly maak omdat Hy ons sy kinders gemaak het. Maar wanneer ons oortree, is ons op-standige rebelle. Ons verwerp die Here se gesag en in daardie oomblik verbreek ons die verhouding met ons liefdevolle Vader van ons kant af.

Maar ons oortreding veroorsaak nie net dat ons verhouding met God verbreek is nie. Ons oortreding veroorsaak 'n hele deurmekaarspul in ons lewens. Ons hoor van hierdie deurmekaarspul in ons psalm en sien dit in Dawid se lewe raak. Omdat 'n mens die Here se woord minag en daarteen in opstand kom, wyk jy af van wat die Here wou gehad het jy moes doen.

Hoekom Batseba juis op daardie middag op haar huis se dak gebad het, weet ons nie. Maar ons kan daarvan seker wees dat die Here hierdie verkeerde optrede van Batseba gebruik het om vir Dawid op die proef te stel. Sal Dawid ook nou, wanneer hy die mooie Batseba sien, aan My getrou bly? Dit is wat die Here van Dawid verwag. Hy moet ook wanneer hy vir Batseba sien die regte keuse maak en die Here dien en liefhê. Maar omdat Dawid die woord van die Here op daardie oomblik verwerp het, het hy afgewyk van die doel wat die Here vir hom gestel het. In plaas daarvan om gehoorsaam aan die Here te bly, was hy ongehoorsaam. Dit is wat sonde is, geliefdes. Ons wyk af van die doel wat die Here vir ons in sy Woord gee, en hardloop agter ons sondige natuur se doel aan. Ons dink aan die lekkerte van hierdie kort oomblikkie en sien nie die ongelooflike baie hartseer en pyn wat agter hierdie bietjie lekkerte lê en wag nie.

Na daardie middag van plesier en pret moes Dawid die een stuk ongeregtigheid na die ander pleeg. Batseba het Dawid net laat weet: **Ek is swanger** (2 Samuel 11:5 AFR83). Toe moes hy die een plan na die ander maak. Eers laat hy vir Urija van die oorlog af kom, kamtig om Urija 'n bietjie te laat rus van die oorlog. Maar Dawid het 'n ander plan. Hy wil hê Urija moet by sy vrou gaan slaap, sodat Batseba se swangerskap darem wettig kon lyk. Maar hierdie plan werk nie, selfs nie eers toe Dawid vir Urija tydens hulle ete laat dronk word het nie. En as 'n mens eers een maal die waarheid verdraai het, lyk dit my, kan ons sondaars nie anders as om daarmee aan te hou nie.

Toe hierdie eerste bose plan van Dawid nie werk nie, het hy geweet dat hy gou moet speel. Sy slawe weet dat Urija nie by sy vrou geslaap het nie Die enigste ander uitweg om Batseba se swangerskap

wettig te laat lyk, is dat Dawid met haar trou. Maar Urija is nog in die pad. Dawid sien egter dat die oorlog 'n gulde geleentheid is om van Urija ontslae te raak, hy moet net in die oorlog sterf. En daarvoor sorg Dawid ook, want hy is mos die koning, sy soldate moet na hom luister. Dit is wat ongeregtheid is, geliefdes. 'n Mens verdraai die waarheid aanhoudend omdat jy die Woord van die Here geminag het deur te oortree.

En die uiteindelijke gevolg, my liewe broer, suster en kind, is dat 'n mens se hart vol bedrog is. Bedrog is om voor te gee dat alles reg is. Dawid het voorgegee dat sy verhouding met die Here gesond en op die regte koers is. Hy het voorgegee dat Batseba se swangerskap wettig is, daarom het hy so gou as moontlik met haar getrou na die dood van Urija. Maar bedrog is in wese 'n skelm spul, want jy probeer met allerhande mooi woordjies en daadjies jou oortreding, jou sonde en ongeregtheid bedek.

So 'n bedrieglike lewe kan net ander mense flous, maar vir die Here kan 'n mens nie flous nie. Jy kan jouself ook nie flous nie. Wanneer 'n mens so hardvogtig die Here se woord minag, druk jy jou ore toe vir die Here. Jy skroei jou gewete sodat jy nie jou gewete voel wat vir jou waarsku nie. Naderhand is jou gewete oor daardie oortreding soos 'n eelt, jy voel niks meer nie en nou dink jy alles is reg. Maar die Here laat sy kind nie daar nie. Die Here het ons te lief om ons sommer net so te laat begaan.

Dawid het gedink dat wanneer hy sy sonde met bedrog bedek, sal alles regkom. Maar die Here hou met hom aan. Toe Dawid sy gewete toegeskroei het, het die Here in 'n bietjie harder stem met hom gepraat. Dawid het siek geword omdat hy stilgebly het oor sy sonde. Sy liggaam het uitgeteer en die hele dag het hy gebrul van die pyn. Maar al het die hand van die Here swaar op hom gedruk, het hy vir bykans 'n jaar aangehou met sy bedrog-spul. En toe Dawid ook te midde van sy siekte hom nie wou bekeer nie, het die Here sy vinger in die woorde van Natan teen Dawid se bors gedruk en gesê: **Jy is die man!** (2 Samuel 12:7 AFR83) Jy het die woord van die Here geminag en hierdie verkeerde ding gedoen.

Ons moet nie nou die fout maak en dink dat elke swaarkry en elke siekte ons tref omdat ons ons sondes bedek met 'n bedrogspul nie. Maar ons kan weet dat wanneer ons met 'n bedrogspul ons sondes verdoesel en met 'n bedrieglike lewe mense flous en dink ons kan die Here flous, Hy sy hand swaar op ons sal laat druk. Die Here doen dit, nie om ons van Hom af weg te druk nie, maar sodat ons oë kan oopgaan en ons kan sien dat sonde rebellie teen God is. Uiteindelik druk die Here sy vinger in sy woord teen ons bors en sê: Jy is die mens! Jy het my woord geminag en hierdie verkeerde ding gedoen.

Wanneer druk die Here sy vinger teen ons bors? Elke keer wanneer ons in die Bybel lees dat dit waarmee ons besig is nie reg is in oë van die Here nie, doen Hy dit. Of miskien lei die Heilige Gees jou vrou of jou man of jou kind of jou pa en ma om vir jou te sê dat dit waarmee jy besig is, nie die wil van die Here is nie. Wanneer ons hier in die erediens of gedurende huisbesoek uit die Here se Woord hoor dat ons oortree en bedrieg, druk Hy sy vinger teen ons bors. Die Here lê ons oortredinge bloot, nie om ons te verkleiner en be-spotlik te maak in die oë van ander mense nie, maar omdat Hy besorg is oor ons verhouding met Hom. Hy wil ons oortreding, sonde en ongeregtheid vergewe, sodat dit vir altyd vergete is. Ons kan dit bedek soos wat ons wil met ons bedrog, daardie sondes sal net nooit verdwyn nie. Wat is die pad nou verder tot by die woorde: Jou sondes is vergewe?

Geliefdes, die enigste pad – dit is eenvoudig, maar beslis nie maklik nie – is dit wat ons in vers 5 lees. Dit is iets wat net ons – nie die Here nie – moet doen. Ons moet ons sonde en oortreding aan die Here bekend maak. Ons moet ons oortreding bely. Ons moet die opstandige optrede op die naam noem voor die Here. Dit help nie om maar net so vinnig aan die einde van ons gebed te vra: Here, vergewe my my sondes nie. Dan bedek ons die sondes nog steeds. Nee, ons moet presies vir die Here sê wat ons verkeerd gedoen het, daarom sê die Here ook dat ons in ons kamer moet gaan en bid. Dit is immers my verhouding met die Here wat ek skade aangedoen het met my oortreding, daarom is dit 'n saak tussen die Here en my. Eers wanneer bedrog plek gemaak het vir belydenis

word die sonde behoorlik hanteer. Eers wanneer ons ophou om ongeregtheid voor God te probeer bedek en dit openlik voor die Here bely, dan bedek God ons sondes.

Hy bedek ons sondes met sy Heilige Gees en die bloed van Jesus Christus. Die Heilige Gees was ons sondes geheel en al van ons af met die bloed van Christus sodra ons dit vir die Here vertel. En as dit afgewas is, is dit weg vir altyd. Die Here dink nooit eers weer daaraan nie. Toe Dawid voor Natan vir die Here sê: **Ek het gesondig teen die Here** (2 Samuel 12:13 AFR83), het Natan gesê: **Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie** (2 Samuel 12:13 AFR83).

Geliefde broer, suster en kind, met hierdie geskiedenis van God met Dawid roep en lei die Heilige Gees ons op die enigste pad terug na 'n herstelde verhouding met die Here. Die Here wil ons sondes bedek met die heilige en volmaakte lewe van sy enigste Seun, daarom moet ons ophou om dit vir die Here te probeer bedek met ons bedrog. Welgeluksalig is die mens wat kan insien dat hy nie uit homself regverdig is nie, omdat hy 'n sondaar is. Maar welgeluksalig is die mens wat ook weet wat die pad is om met sy sondes te loop tot by die punt waar die Here sê: Jou sondes is vergewe.

Amen!

Slotgebed

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 November 2012